



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V3**

**NOVEMBER 2011**

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer Transaksionele Teks	(30)
AFDELING C:	Korter Teks: Transaksioneel/Naslaan-/ Informatief	(20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n kopkaart/diagram/vloeidiagram/sleutelwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.
7. Daar word sterk aanbeveel dat jy jou tyd soos volg gebruik:
  - 80 minute vir AFDELING A
  - 40 minute vir AFDELING B
  - 30 minute vir AFDELING C
8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in hierdie vraestel genummer is.
9. Voorsien elke skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif. LET WEL: Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
10. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: OPSTEL****VRAAG 1**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400 tot 450 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die VRAAGNOMMER en die TITEL/OPSKRIF duidelik bo-aan die finale skryfstuk/teks aan.

1.1 ***As 'n vriendskap skeefloop ...*** [50]

1.2

Kleure verbleik, tempels verbrokkel,  
beskawings kom tot 'n val,  
maar  
wyse woorde oorleef alles.

[Edward Thorndike]


[50]

1.3 *Die winkel was vol mense toe ons daardie oggend daar aangekom het. Ek kan nog steeds die trap voor my onthou: 'n gewriemel van opgewonde lywe - aan die beweeg om die laaste Kersinkope af te handel.* [50]

1.4 **Formele universiteitsopleiding is nie die enigste paspoort tot 'n suksesvolle loopbaan nie.** [50]

1.5 **Die lewenspeil in Suid-Afrika verbeter?** [50]


1.6 1.6.1



[Aangepas uit: *Die Burger*, Maart 2011]

[50]


1.6.2



[Aangepas uit: *Die Burger*, Maart 2011]

[50]

1.6.3



[Uit: *Die Burger*, 19 Maart 2011]

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS****VRAAG 2**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 180 tot 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die VRAAGNOMMER en die TITEL/OPSKRIF duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.

**2.1 FORMELE BRIEF**

Julle woon naby 'n kleuterskool en die lawaai wat die kleuters maak, steur jou tydens jou voorbereiding vir die eindeksamen. Skryf 'n FORMELE BRIEF aan die hoof van die kleuterskool waarin jy jou probleem verduidelik.

Rig jou brief aan:

Die Hoof  
Grootlawaai Kleuterskool  
Jakarandastraat 42  
Senekal  
7596

**[30]****2.2 TOESPRAAK**

Ouers en leerders loods dikwels sterk aanvalle wanneer skoolsportspanne nie na wense presteer nie. Jy is gevra om 'n toespraak oor hierdie aangeleentheid tydens 'n skoolbyeenkoms te lewer. Skryf hierdie TOESPRAAK.

**[30]****2.3 ONDERHOUD**

Die redakteur van julle skoolkoerant het jou opdrag gegee om 'n onderhoud met die voorsitter van julle nutverkose Verteenwoordigende Raad van Leerders te voer. Skryf hierdie ONDERHOUD vir jou skoolkoerant.

**[30]****2.4 MEMORANDUM**

Die leiergroep van die skool beplan oor twee weke 'n tuinverfraaiingsprojek by die plaaslike ouetehuis. Skryf die MEMORANDUM wat onder die res van die graad 12-klasse versprei moet word waarin die reëlins vir die projek uiteengesit word.

**[30]****TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN-/INFORMATIEF****VRAAG 3**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 100 tot 120 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui die VRAAGNOMMER en die TITEL/OPSKRIF duidelik by die finale skryfstuk/teks aan.
- Grafiese ontwerp mag gebruik word, maar dit tel nie punte nie.

**3.1 STROOIBILJET**

*Suid-Afrika se varswaterbronne sal teen 2030 uitgeput wees as krane nie nou met groter verantwoordelikheid oopgedraai word nie. Die land se vars water kan selfs vroeër opraak as daar in die volgende paar jaar langdurige droogtes voorkom of meer dikwels voorvalle van ernstige waterbesoedeling is.*

[Uit: BY, bylaag by *Beeld*, 2 April 2011]

[20]

Ontwerp 'n STROOIBILJET, geskik vir verspreiding onder jou gemeenskap, waarin jy die krisissituasie met betrekking tot vars water onder die publiek se aandag bring.

[20]

**3.2 DAGBOEKINSKRYWING**

Jy is 'n baie gereelde dagboekskrywer. Skryf TWEE opeenvolgende dae se INSKRYWINGS in jou DAGBOEK na aanleiding van die volgende prikkel:

*Og, as ek maar net geluister het!*

[20]

**3.3 INSTRUKSIES**

Jy gaan vir die volgende week saam met jou ouers met vakansie en het 'n vriend/vriendin gevra om na jou twee troeteldiere om te sien.

Stel INSTRUKSIES saam wat jou vriend/vriendin in staat sal stel om jou troeteldiere deeglik te versorg totdat jy terugkeer.

[20]

**TOTAAL AFDELING C: 20**  
**GROOTTOTAAL: 100**